# „Gemeente van Christus Noú!"

(Verklaring van die Nederlandse Hervormde Kerk insake die lewe en belye van die Christelike Kerk in hierdie tyd)

*Op 31 Oktober 1967 het 24 predikante van die Nederlandse Hervormde Kerk 'n Ope Brief gepubliseer, gerig aan predikante, ouderlinge, diakens en gemeentelede van die Kerk. Die skrywers spreek in hierdie brief hulle verontrusting uit oor wat hulle sien as 'n struktuurverandering van die Hervormde Kerk ná die Tweede Wêreldoorlog en waarvan die kenmerkende is dat die „verantwoordelik-staan-in-die-wêreld" as wesenlik beskou word. In twee vrae word die verontrusting daaroor uitgedruk: Mag hierdie apostolaat wel so 'n oorheersende posisie inneem? en: Is die wyse waarop die apostolêre verantwoordelikheid van die kerk tans verstaan word, wel Bybels regmatig? In die praktyk, volgens die skrywers, lei dit tot verskraling en verswakking van die prediking sowel as van die belye. Die skuld vir hierdie ontwikkeling plaas hulle op die skouers van wat hulle die „midde-ortodoksie" noem, nader aangedui as 'n vermenging van konfessionalisme, Barthianisme en vrysinnigheid. Hierdie midde-ortodoksie „praat veel oor eenheid en samewerking, maar weet niks en wil niks weet van die voortdurende spanning tussen die ware en die valse kerk, van die stryd tussen waarheid en leuen nie". Die prediking soos dit daar gehoor word, is nie meer „die roep, van Christusweë, van siele in die aangesig van die realiteite van hemel en hel, van redding en verlorenheid, van heil en verderf" nie. Daarteenoor roep die brief op tot die regte Bybelse prediking — „'n prediking wat in die situasie van nihilisme en verlorenheid die beloftevolle lig laat skyn van die wonder van die genade wat aan ons verskyn het in Jesus Christus, in sy kruis en opstanding".*

*Sewentigduisend eksemplare van hierdie brief is versend. In kerklike kringe in Nederland het dit groot aandag gekry. Ook die Sinode het die verontrusting van die skrywers met erns bejeën. 'n Stuk, opgestel deur prof. dr. R. Bijlsma, (gepubliseer in „Hervormd Nederland", 2/3/68), is deur die Sinode as verklaring uitgereik van die standpunt van die Hervormde Kerk. wat tegelyk ook kan dien as grondslag vir 'n diskussie met die verontrustes.*

*Vanweë die algemene kerklike belang van hierdie stuk plaas ons dit, in Afrikaans vertaal, hieronder in sy geheel. Die verontrusting van die 24 skrywers van die Ope Brief word ook in ons land deur vele gedeel. Is die kerk, deur die wyse waarop hy in hierdie tyd meen om sy roeping in die wêreld te vervul, besig om sy eintlike aard en sy ware roeping mis te verstaan? Bly hy nog „kerk van die Woord", bv. in die sosiale gerigtheid van sy getuienis en optrede in die wêreld? Wat beteken sy geloof, en sy daarin gegronde roeping, dat die koninkryk van God in die wêreld kom? Op vrae soos hierdie word in die sinodale verklaring waardevolle lig gewerp.*

**1. In dankbare gehoorsaamheid aan die Heilige Skrif as bron van die prediking en unieke reël van die geloof verkondig die kerk in die wêreld die Koningskap van God wat Hom tevore deur sy dade in die geskiedenis van Israel en daarna ten volle in die geboorte, die lewe, die lye, die dood en die opstanding van Messias Jesus geopenbaar het.**

**Die Christelike gemeente bely dat in hierdie gebeurtenisse wat eenmaal in die geskiedenis van die mensheid plaasgevind het, die heil vir die hele wêreld gegee is. In hierdie geloof weet hy dat Christus Jesus deur die Heilige Gees naby is, en getuig hy in die duisternis en skuld van hierdie wêreld dat Sy onmag die ware mag, Sy versoenende lye en sterwe die ware verlossing, Sy dood die ware lewe beteken vir almal wat hulle vertroue op Hom stel.**

## TOELIGTING:

In hierdie stellinge word opsetlik uitgegaan van die formulering in artikel 10 van die kerkorde van die Nederlandse Hervormde Kerk. Die bedoeling is dat in die verwarring van die geeste konkreet onder woorde gebring sal word watter funksie hierdie fundamentele artikel insake die belye van die kerk in feite kan hê.

Die eerste stelling wil aan die belydenis aangaande die volstrekte gesag van die Bybel 'n inhoud gee wat duidelik maak waar dit in hierdie tyd om gaan. Daarom is die Koningskap van God met nadruk genoem as 'n historiese gegewe in die Ou Testament, wat in Jesus van Nasaret op die eie wyse van die Ryk van God tot vervulling gekom het. Hierdie aksent moet nie in mindering gebring word op die betekenis van die profetiese en priesterlike lyn in die Bybel nie. Hierdie verklaring wil geen volledige geloofsbelydenis wees nie, dog alleen enkele belangrike momente van die Christelike belye in die lig stel met die oog op die vrae van die hede.

Die bewoordinge is so gekies dat die nadruk val op die heilsdade van God in die Bybel.

Dat dit in die menslike geskiedenis

gebeur het, is die inhoud van die Bybelse boodskap en die fondament van die Christelike geloof. Op hierdie punt moet die gemeente van Christus pal staan as hy nie ontrou wil wees aan die Waarheid waarmee hy die mensheid moet dien nie. Hierdie nadruk op die werklikheid van Gods dade in die geskiedenis hou nie in dat die „hoe" van hierdie gebeurtenisse in die Bybelse berigte eksakhistories benader kan word nie. Die werklikheid van die heil van God in die geskiedenis is egter die belydenis waarmee die kerk staan of val. Wanneer hy verkondig dat die Heer waarlik opgestaan het, moet hy elke opvatting wat die realiteit van Christus se opstanding in die geskiedenis ontken, met beslistheid afwys. En dit geld van alle heilsdade van God wat die kerk bely en vier.

Die geloof dat die eenmaal volbragte werk van Christus in alle tye teenwoordig is en dat die heilsdade van God deur die eeue heen werksaam bly, rus in die werk van die Heilige Gees. Aan hierdie geloof ontleen die kerk sy roeping om, in hierdie wêreld van die kwaad, te getuig van die „ander" wêreld van Gods koningskap. Die Christelike gemeente is 'n rewolusionêre geloofsgemeenskap wat hom nie kan neerlê by die dinge soos dit nou eenmaal is nie.

Hy volg Jesus en bely dat Hy die weg van die Ryk van God tot die einde toe bewandel het: in sy onmag is die eintlike mag verberg, sy offer bring die definitiewe bevryding, sy dood voer tot die egte lewe.

Gehoorsaamheid aan die Heilige Skrif kan niks anders beteken nie as trou aan hierdie Woord aangaande Christus Jesus. Naas hierdie één Woord van God kan die kerk geen ander gebeurtenisse en magte, persone en waarhede as Gods openbaring erken nie. Hy roep mense en volke op tot vertroue in hierdie Woord.

**II. In die gemeenskap met die belydenis van die eeue, voortgaande op die weg van die reformasie, moet die kerk die Woord van God wat in die geskrifte van die Bybel gegee is, vertolk in toepassing op die lewe en die verhoudinge van mense en volke. Die Christelike gemeente sal by die volvoering van hierdie opdrag noulettend ag gee op die belye van die vaders in die kerklike belydenisse en tewens in sy lede die menslike feilbaarheid by die verstaan en toepassing van die goddelike Waarheid met groot geduld verdra. Daarby sal hy moet vashou aan die eenheid van belofte en gebod in 'n nooit verslappende waaksaamheid teenoor die gevaar dat die inhoud van sy boodskap afhanklik gemaak word van 'n moderne of anti-moderne lewensgevoel en dat in menslike eiewaan die evangelie van God misbruik word ten dienste van eiemagtig gekose wense, bedoelinge en planne van mense.**

### TOELIGTING:

Die oordrag van die Woord van God in alle tye is die wesenlike taak van die kerk in die wêreld. Hier lê 'n bron van velerlei misverstand wat tot ontsporing kan lei. Aan die een kant moet daarteen gewaak word dat die gehoorsaamheid aan die Heilige Skrif, waaroor daar in die eerste stelling gepraat is, nie prysgegee word nie. Dit gebeur wanneer die werklikheid van God se heilsdade verloën word. Aan die ander kant dreig die ketterjagtery, waardeur elke mening wat van die gebruiklike patroon in die kerklike leer afwyk, meteens as onbybels en onchristelik verwerp word.

Meestal gaan hierdie twee ontsporinge hand aan hand, sowel by die ontstaan van skeuringe in die Christenheid as van die stryd tussen die rigtinge binne die kerke. Om in hierdie opsig tot 'n verantwoorde optrede te kom het vanouds die reël gegeld dat dit vir 'n mens beter is om jou te hou aan die geloof van die kerk van die eeue soos dit reeds in die oudste Christelike geloofsbelydenisse onder woorde gebring is. Ook die belye van die reformatoriese vaders het in 'n nuwe verstaan van die gesag van die Woord van God die rigtingwysende karakter van die oudkerklike belye erken.

Tegelyk moet egter besef word dat in die vaart van die Woord van God deur die geskiedenis elke stilstand noodlottig kan wees. Die risiko van die eksperiment sal gewaag moet word tot op die rand van die kettery. Die feit dat die mens nie by magte is om die hoogte en diepte van God se openbaring te peil nie, moet begrip en geduld wek vir die menslike beperktheid in die verstaan van wat die waarheid van God in die situasie van die eie tyd te sê het. Tog sal hierdie verdraagsaamheid nie mag lei tot verloëning van die Waarheid self soos wat dit in die Bybelse berig van Gods heilsdade tot ons kom nie.

Daarom hang oordeel en vryspraak nou met mekaar saam in die spreke en handele van die kerk. Die belofte mond uit in die gebod. En die gebod vloei voort uit die belofte. Die onderlinge samehang van Evangelie en Wet lê hierin veranker.

In die lig van die evangelie is alles wat gesê en gedoen word nie 'n gelyke saak nie. By Gods „ja" tot die sondaar behoort Gods „nee" teen die sonde. Die Woord van Gods genade sluit die woord van Gods oordeel in. Wanneer dit vergeet word, bestaan die gevaar dat die moderne lewensgevoel tot maatstaf vir die prediking verhef word, menslike waarhede met die Waarheid van God verwissel word en menslike belange die diens in die Ryk van Christus gaan oorvleuel.

Dit behoort ook tot die taak van die kerk in die wêreld om hierteen te waarsku.

**III. In die besef van sy verantwoordelikheid vir die hede, roep die kerk op tot daadwerklike erkenning van die koningskap van God, waardeur die mens bevry word uit die gebondenhede van die kwaad in die wêreld en geroep word tot vrye en dankbare diens aan alle mede-skepsele.**

**Die Christelike gemeente staan te midde van die strukture en wetmatighede van hierdie wêreld, in volledige solidariteit met wat onder die mense en deur menslike toedoen gebeur.**

**Hy weet dat hy uitgedaag is om die Woord van God in vryheid uit te spreek en hom, sonder vrees vir mense en magte, daarvoor te beywer. Nogtans mag hy sy opdrag vir die hede nie ontleen aan die dwang van omstandighede nie, maar uitsluitend aan die vrymakende krag van die Woord en die Gees van God.**

### TOELIGTING:

Die kerk kan nie vir die mense geloofwaardig wees as hy weier om in te gaan op die node van die wêreld nie.

Hy sal die boodskap wat aan hom opgedra is, dat geen ander evangelie as die Woord van die Christus van die Skrifte tot heil van die wêreld gegee is nie, waar moet maak deur te trag om, vanuit die evangelie, in eie verantwoordelikheid, sy antwoord te gee op die uitdaging van die tyd.

Dit is nie iets nuuts in die geskiedenis van die Christenheid nie. Die Romeinse wêreld was eweseer reeds 'n uitdaging vir die kerk van die eerste eeu as wat die moderne wêreld dit is vir die Christelike geloofsgemeenskappe in die tweede helfte van die twintigste eeu. Wel het hierdie uitdaging en elke tyd sy eie vorme.

Die strukture van die moderne samelewing dwing die Christelike gemeente tot nuwe weë vir sy lewe en werk. Die verstedeliking van die maatskappy, die meganisasie van die lewenspatroon, die moontlikhede van beïnvloeding en reëling van die menswees; maar ook die atoomsplitsing, die ontwikkeling van die oorlogvoering, die vraagstuk van die vrede, die verhouding van volke en rasse onderling, die opkoms van nuwe state, die probleem van die onderontwikkelde gebiede, die oplewende nasionalisme, en daarby nog die kerklike verdeeldheid, die teenstelling van die rigtinge, die ontmoeting met ander wêreldgodsdienste vorm ewe so veel realiteite wat elkeen deur 'n innerlike wetmatigheid beheers word.

Te midde daarvan leef die gemeente van Christus. In hierdie wêreld, en nêrens anders nie, moet hy sy roeping vervul.

Hy is in sy hele bestaan en in al sy lede verbonde met die wêreld waarin hy leef. En hy staan medeskuldig aan die dinge wat hulle daar afspeel. Dit is 'n waan om te dink dat hy daarvan apart kan bly staan en vandaar, soos uit 'n afgeskermde ruimte, sou kon spreek.

Tegelyk moet hy juis **in** hierdie wêreld wys dat hy nie **van** hierdie wêreld is nie, en hom sy roeping nie laat voorskryf deur die wetmatighede wat die omstandighede bepaal nie. Want sy lewe word gedra deur die vaste geloof dat die Woord en die Gees van God 'n vryheid bring wat die omknelling van die tirannie van elke aardse mag verbreek. Van 'n slaafse onderworpenheid aan die dwang van die situasie mag daar geen sprake wees sodra die koningskap van God die lewe totaal in beslag geneem het nie. Vrees vir die geweld van magte moet wyk. 'n Nuwe vryheid word ervaar wat die eie belange en verlangens oorwin in die volstrekte gehoorsaamheid aan Christus Jesus.

Dit is die grootste roeping van die gemeente van Christus in hierdie tyd om alle mense en die hele samelewing, óók die samelewing van die volke, tot hierdie vryheid op te roep en te trag om hierdie vryheid aan die wêreld voor te leef.

**IV. Terwyl hy hom uitstrek na die toekoms van Jesus Christus, verwag die kerk deur die laaste gerig heen die heerlikheid van die Ryk van God in die hele skepping, waarbinne ook die aarde met sy volheid vernuut sal word volgens die bedoeling van God.**

**Die Christelike gemeente leef getroos in hierdie vooruitsig. In verbondenheid met almal, sowel binne as buite die kerke, wat die Heer verwag en saam met alle ander wat die goeie vir die mense soek, is hy besig om te stry vir die vernuwing van die wêreld en die verbetering van die verstandhouding tussen mense en volke. Daarby weet hy dat hy deur Christus geplaas is by die veronregtes en die verknegtes vir wie hy opkom en saam met wie hy uitsien na 'n nuwe aarde waarop geregtigheid woon.**

## TOELIGTING:

Die toekomsverwagting hou die kerk in beweging. Hy leef uit die hoop. En in hierdie hoop wil hy elkeen laat deel.

Die inhoud van die eindverwagting, wat by Christus Jesus sy begin en sy vervulling het, is alomvattend. Die hele skepping is daarby betrokke. By die nuutheid van God se toekoms is hemel en aarde inbegrepe. Hierdie kosmiese dimensie van die Christelike hoop het tewens die persoonlik-menslike aspek van 'n ewige uitsig vir elke gelowige. Ons vertrou op die belofte dat God alles sal nuut maak.

Dit is nie die verdienste van die mens en sy prestasies waardeur die toekomstige hemel-op-aarde tot stand gebring sal word nie. Dit is geheel en al God se eie werk. God werk egter nie buite die mens om nie. Hy skakel die menslike doen en late in vir die bereiking van sy doel. Die inspanning van mense tel wel deeglik mee in die Ryk van God. Maar dit is alles uit Hom en deur Hom en tot Hom. Die eer van God vorm die groot motief in die lofsang op die ewige heil. In hierdie glorie van God lê die heil van die mens opgesluit. Want dit is die heerlikheid van hierdie God wat Hom met die mense een gemaak het in hulle vernedering en skuld.

Die verantwoorde werksaamheid van mense vind 'n goeie woord by God. Daar moet 'n stryd gestry word om die aarde bewoonbaar te laat wees vir die mensheid. In die worsteling om geregtigheid en gelykheid vir alle mense gaan die gemeente van Christus vooraan. Die gespanne verwagting van die groot heil wat kom, verskerp sy verantwoordelikheid in die hede.

Hy reik daarby die hand aan elkeen wat die goeie begeer vir die wêreld. Daar is buite die kring van die georganiseerde kerklike lewe 'n stroom van buitekerklike gelowigheid. Die kerk weet dat hy daarmee verbonde is in die één hoop op die één saligheid. Maar die gesigsveld is nog wyer. Ook in ander godsdienste en buite elke vorm van godsdienstigheid is daar vele wat deelneem aan die strewe vir 'n beter wêreld. Met hulle almal wil die Christelike gemeente graag sy aan sy staan met die oog op die groot doel wat hy najaag. In dit alles wil hy egter by Christus bly. En daarmee is die koers bepaal wat hy wil volg. Want Christus het Hom eens en vir altyd verbind met die verworpenes van die aarde wat Hy sy broeders noem. Met Christus bevind sy gemeente hom aan die kant van diegene wat die onreg en die verdrukking in hierdie wêreld in besondere mate te verduur het.

Dit is 'n kenmerk van sy bestaan dat hy dit opneem vir alle veronregtes en verknegtes met wie hy op weg is na 'n nuwe aarde waarop hy biddend wag.

**V. In vertroue op die voortgaande werk van die Heilige Gees vervul die kerk, as geloofsgemeenskap van almal wat plaasbekledend vir die ganse skepping die groot Dag van Christus verwag, God aanbiddend en die wêreld dienend, blymoedig en dankbaar sy roeping in die wêreld van die volke en in die samelewing van die mense.**

**Dit is die gemeente van Christus wat die hoop op die Ryk van God in die harte mag opwek. Hy roep op tot bekering en sterk die geloof. Hy waak vir die geestelike welsyn van die enkeling te midde van die tendense van massaliteite en totaliteit in die moderne lewe. Hy is die mens tot steun in die aanvegtinge van die geloof en in die sorge van die hart. Sy krag lê nie in die groot getal nie maar in die belofte van sy Heer. Getrou aan sy Woord weet die gemeente dat hy deur Christus self vergader is tot sy kudde en uitgestuur is oor die aarde, totdat die ganse heelal vol is van die lof van Gods Naam.**

## TOELIGTING:

Die laaste artikel wil die geesdrif vir die gemeente onder die gelowiges aanwakker. In 'n tyd waarin dit tot 'n teologiese mode geword het om die kerk af te skryf en sy roeping te bespot, terwyl publisiteits-media meer as een keer die waarde van die Christelike geloof in twyfel trek en aan die kaak stel, kom dit aan op die volharding van die eenvoudiges. Hulle mag verseker wees dat hulle in die aanvegtinge nie in die steek gelaat

is nie. Christus self is deur die Heilige Gees saam met hulle. Nou dat die ontwikkeling van die moderne lewe hom met besondere krag rig op die massale en totale van wêreldverbande en maatskaplike strukture, behoort die sorg vir die enkele mens in sy persoonlike node en vrae meer as ooit tot een van die eerste opdragte waartoe Christus sy gemeente roep. Hy bly sy kudde wei en bewaar. En Hy bly almal wat sy Naam bely, uitstuur in die wêreld. In die werk van Christus is apostolaat en pastoraat één. Hulle is ook in die lewe van sy gemeente nie van mekaar te skei nie. Waar die regte aanbidding gevind word, is die wêreldwye werk van getuienis en diens reeds aangepak. En waar die diens aan die wêreld in die geloof verrig word, styg die aanbidding tot groter hoogte.

Dit is 'n vreugde om saam te staan vir die bevryding wat deur Christus vir alle mense tot stand gebring is. Dit is hartverwarmend om met mekaar besig te wees in die revolusie van die Ryk van God. Dat dit 'n beslissende keuse is en 'n totale omkering van die lewe vra om Christus te volg, mag daarby nie verswyg word nie. Die evangelie is nie **na** die mens nie, hoeseer dit ook geheel en al **vir** die mens is. Op byval van die massa moet die gemeente van Christus nie reken nie, al mag hy strewe na 'n goeie gerug in die wêreld. Die kerk wat die mense nie na die mond praat nie maar hulle plaas voor die ergerlike en alleen in selfoorwinning te neme beslissing van die geloof, sal altyd plaasbekledend voor God in die mensheid staan. Terwyl hy dit weet, mag hy nooit homself of die afsondering soek nie. Want die wêreld van die volke en die samelewing van die mense vorm eweseer die werkterrein van die Heilige Gees as die hart van elke mens persoonlik.

Daarom moet in die gemeente van Christus die sorg vir die enkeling en die besorgdheid vir die gemeenskap in die wydste lewenskringe steeds hand aan hand gaan. Die vensters na die wêreld mag nooit gesluit word nie. En die nood van verre volke moet hom net so sterk ter harte gaan as die welsyn van die naaste wat baie naby is. Teenoor geen vraagstuk wat die mensheid in sy geheel raak, mag die kerk onverskillig staan nie.

Vir sy kleinheid en gebreke hoef hy hom nie te skaam as hy sy heil en die heil van die wêreld buite homself in Christus Jesus soek nie. Hy mag daarop reken dat die ganse heelal eenmaal vol sal wees van die lof van God. Eers dan sal sy taak klaar wees.

# CHRISTIAN ATTITUDES TO WAR
## – A Historical Survey –

Prof. P. B. Hinchliff

**It is not easy to discover what the earliest Christians thought about war. The New Testament contains no sustained discussions of its moral implications. Christ refused to be identified with violent nationalist movements. He is recorded as saying that it was right to turn the other cheek instead of repaying violence with violence. The whole spirit of his teaching is against the use of physical force, in any context. But there is no real analysis of the morality of warfare. The post-apostolic age has left us very few written records apart from the New Testament. We have no sure grounds for deducing what they thought of the subject. Probably the situation did not arise for the average Christian. The army was a semi-professional organisation. Christians would not be conscripted into it. Violent subversive movements, then as now, did not by their nature attract large numbers. Certainly when there were Jewish rebellions against Rome late in the first century and early in the second, Christians soon earned amongst the Jews a reputation for cowardice because they would not fight. But one imagines that in general there simply were not many situations in which a Christian had to ask himself the question — "Is it right for me to take up arms."**

### NEW TESTAMENT

There was, perhaps, one such situation. In times of persecution there must have been many Christians who wondered whether they were entitled to defend themselves by force—particularly since, in the first two hundred years, persecution was far less often a result of deliberate state policy than of riots and disorders started by Jews or heathens, as in the famous Ephesian episode of Acts 19. If an Ephesian punches me on the nose because I am a Christian, may I hit back. But it was precisely here that our Lord's teaching was unequivocal. "If a man strikes you on one cheek . . . ", "Pray for those who persecute you . . .", and so on. Moreover his example as well as his teaching would bind Christians. One can see from the way in which Stephen's martydom so closely parallels Christ's own death how this ideal was venerated by early Christians. To be "led as a lamb to the slaughter" was the ideal. In view of the fact that Stephen's speech to his judges occupies two full, closely printed pages of my Bible he can hardly be said to have fulfilled the rest of the quotation applied to Christ "and as the sheep before her shearers is dumb, so opened he not his mouth" — but the general pattern is clear. Non-violence — non-resistance — love — forgiveness — gentleness.

### THIRD CENTURY

When we come to the third century, when there is much more written evidence, it is still not easy to be certain what Christian teaching about war was. This was the period, of course, when savage persecution became more and more a matter of deliberate, systematic government policy. The state, society, the world would have seemed to be quite clearly a cruel and wicked thing. There were those who said that no Christian could be a soldier in the employ of such a state. The reason is not always clear. It has been suggested that the real reason was that a soldier might have to sacrifice to the gods, but this is not (for various reasons) a satisfactory explanation. It must have been

(a) simply that a soldier's business was to kill; or
(b) that a soldier might have to take part in the organisation of persecution; or
(c) that a soldier was defending and perpetuating an evil society.

Hippolytus (who lived about the year 200) is quite categorical in saying that a Christian soldier cannot kill